

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT



UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Wednesday, 22 March, 1967

WINDHOEK

Woensdag, 22 Maart 1967

No. 2775

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

PROCLAMATION:—

PROKLAMASIE:—

No. 18 Legislative Assembly of South West Africa:
By-election, Warmbad

Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika:
Tussenverkiesing, Warmbad 393

PROCLAMATION

PROKLAMASIE

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL
DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST
AFRICA.

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU
PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-
AFRIKA.

No. 18 of 1967]

No. 18 van 1967.]

LEGISLATIVE ASSEMBLY OF SOUTH WEST
AFRICA.

WETGEWENDE VERGADERING VAN SUIDWES-
AFRIKA.

BY-ELECTION WARMBAD.

TUSSENVERKIESING, WARMBAD.

WHEREAS it has been notified to me that a vacancy has occurred in the representation of the Electoral Division of Warmbad in the Legislative Assembly of South West Africa, by reason of the resignation of Mr. Pieter Andries Stephanus le Roux as member for that division.

NADEMAAL ek daarvan in kennis gestel is dat 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging van die Kiesafdeling Warmbad in die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika weens die bedanking van mnr. Pieter Andries Stephanus le Roux as lid vir daardie afdeling.

AND WHEREAS it is deemed desirable that the vacancy in the representation in the Legislative Assembly of the Electoral Division of Warmbad be filled:

EN NADEMAAL dit wenslik geag word dat die vakature in die verteenwoordiging in die Wetgewende Vergadering ten opsigte van die Kiesafdeling Warmbad aangevul word:

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the power and authority vested in me by section 88, read with sections 34 and 35 of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act 46 of 1946), as amended, I hereby declare that a vacancy exists in the representation of the Electoral Division of Warmbad in the Legislative Assembly of South West Africa and I hereby proclaim —

SO IS DIT dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by artikel 88, gelees met artikels 34 en 35 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet 46 van 1946), soos gewysig, hierby verklaar dat 'n vakature bestaan in die verteenwoordiging van die Kiesafdeling Warmbad en hierby proklameer —

- (1) that the Nomination Court shall sit on 5th April, 1967 at ten o'clock in the forenoon, in the Magistrate's Court, Karasburg, to receive nominations of candidates for election to fill the said vacancy;
- (2) that if a poll becomes necessary in the Electoral Division aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said Nomination Court in such division the said poll shall be taken on 3rd May, 1967 and shall commence at seven o'clock in the forenoon and shall close at nine o'clock in the evening of the said day; and
- (3) that the Magistrate, Karasburg, or other person lawfully acting for him, shall be and is hereby appointed to be Returning Officer at the Election in the said Division to fill the vacancy.

- (1) dat die Nominasiehof sitting sal hou op 5 April 1967 om tien-uur in die voormiddag in die Landdroskantoor, Karasburg, ten einde nominasies te ontvang van kandidate vir verkiesing om genoemde vakature aan te vul;
- (2) dat, indien 'n stemming in genoemde Kiesafdeling nodig word deurdat meer as een persoon behoorlik genomineer is by die sluiting van die sitting van voormelde Nominasiehof in sodanige kiesafdeling, genoemde stemming op 3 Mei 1967 sal plaasvind en om sewe-uur in die môre sal begin en om nege-uur in die aand van daardie dag sal sluit; en
- (3) dat die Landdros, Karasburg of ander persoon wat wettiglik namens hom optree, Kiesbeampte sal wees, en hierby as sodanig benoem word, by die verkiesing in genoemde Kiesafdeling om genoemde vakature aan te vul.

Given under my Hand and Seal at Windhoek on this twentieth day of March, 1967.

Gegee onder my Hand en Seël te Windhoek op hede die twintigste dag van Maart 1967.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur